

**1 Augustus**

**Skrifgedeelte: 2 Samuel 5:17-6:23**

**Fokusgedeelte: 2 Samuel 5:17-25**

### **Die geritsel in die melkbosse**

'n Klompie jare gelede het die Filistyne die Israelitiese leër 'n vernietigende slag toegedien in die slag van Gilboa (1 Sam 31). Met 'n verdeelde ryk onder die twee nuwe konings, Dawid en Is-Boset, het die Israeliete nie vir hulle 'n wesenlike gevaar ingehou nie. Maar 'n verenigde Israel onder Dawid was egter 'n perd van 'n ander kleur. Die Filistyne ruk teen Dawid se leër op naby die hoofstad van die nuutgevormde ryk Jerusalem. Dit was duidelik: dit sou 'n beslissende slag tussen die twee aartsvyande wees.

Weereens lees ons dat Dawid die Here geraadpleeg het. En dan gee God aan hom 'n teken. As hy die geritsel in die toppe van die melkbosse hoor, moet hy blitsvinnig aanval, want die Here trek voor hom uit. Die oorwinning is seker!

Hoe reageer jy in moeilike omstandighede? Moedeloos? Onseker en beangs? Opstandig? Onverskillig? As jy ook soos Dawid verantwoordelik en afhanklik van God lewe, kan jy die grootste probleme met vertroue pak. Elke ware gelowige behoort aan Jesus Christus (Kategismus V+A 1). Jesus Christus is jou Voorspraak (1 Joh 2:1). Die Heilige Gees tree vir jou in met onuitspreeklike versugtinge (Rom 8:26). En onsigbaar vir die oog, is daar rondom jou engele wat jou beskerm en jou op die hande dra (2 Kon 6:17; Ps 91:11,12). Daarom kan ons met vertroue sê: "Die Here is my helper, ek ken geen vrees nie" (Heb 13:6).

*Sing: Psalm 18:15*

*Ds APC Duvenage (Emeritus)*